

Habari

Jambo Sana

EDITORIAL

Nuusbrief van die Oos-Afrika-Vriendekomitee

Newsletter of the Friends of East Africa.

Oktōber 1982 October

No. 10

— 80 —

DATE: 2 October 1982



Fees-1958, by die saas op Plateau.

EDITORIAL ~

"The time has come the Walrus said, to talk of many things,
of shoes and ships, and sealing wax, and cabbages and kings".
The time has come to meet at the Fountains again. To catch up
on the gossip, to renew old friendships, to make new ones;
to relax; to picnic. See the occasion as you wish, it has
become a day for many, to which they look forward.
Those who have not taken the trouble to attend a gathering yet -
give it a try.

DATE: 2 October 1982

TIME: From when you please to when you please.

OFFICIALDOM: have their say at 14h00.

Soos alles in die lewe kos hierdie blad heelwat om te publiseer.
Tot nou toe het ons dit met die absolute minimum koste reggekry.
Die geld het gekom van bydraes gekollekteer by die
Fonteine byeenkoms. U mag dalk belangstel om by te dra, indien wel
stuur dit aan Alex Boshoff, Posbus 40546, Arcadia, 0007, Pretoria.

Seëls 450 x 8 c.	R 36-80
Papier (@ R6.00 per 500) x 8	R 48-00
Meesters @ 50c stuk x 14	R 7-00
Metaal plate vir fotos -	R100-00
Tikwerk - gratis	
Masjien operateur - gratis	
Koeverte - 500	R 10-00
Adresograaf - gratis (Verouderde stelsel)	

F201-80

Die Komitee stem elke jaar 'n honorarium vir die redakteur
waarmee hy dan sy helpers troos.

Hoe meer geld ons in kry, hoe beter en groter kan die brief word.
Spotprent tekenaar word dringend benodig om so 'n bietjie humor aan
die blad te gee. Was daar niemand uit Oos-Afrika wat kan teken nie?
Kan iemand moontlik help deur die adresse op 'n komper te plaas.
(Gratis natuurlik).

Redaksie.

A Page from: "Pioneer's Scrapbook" Reminiscences of
 Kenya 1890 to 1968 ed. Elspeth Huxley + Arnold Curtis.
 pub. by Evans Brothers Ltd. 1980
 Compiled by the East Africa Women's League.

Abraham Joubert

owned Farm No. 1 on the plateau. He lived to be 97, and at 90 still made his own shoes.

L. A. Johnson

an American, was celebrated for his hospitality. One day Mr Mayer, proprietor and editor of the *East African Standard*, arrived and was invited for the night. At breakfast the next morning he said to LA. 'Do you get your East African Weekly regularly?' LA said, 'Sometimes it don't hap up.' He was asked what he did then, and replied, 'We just use grass. In 1930 LA discovered gold at Kakamega and started the first farmers' syndicate. A few months later there were over 1000 prospectors.



Mr Barker

used to ride round and tell everyone the news. He was much put out when wireless came in and there was no news to tell. He died through taking a three months' supply of sleeping pills in one dose.

Mrs Ortlepp

was a widow who had her face lifted several times and had permanent pink on her cheeks. She had married wealthy Mr Ortlepp, a surveyor from South Africa who built a township which he called Ortleppville (now part of Eldoret). When he died in 1932 he was buried in Eldoret but Mrs Ortlepp wished him to be re-buried in South Africa. She asked the DC whether, in view of the high cost of transporting coffins, she could put the remains in a box marked 'BONES'. The answer was no, so Mr Ortlepp remained where he was. Mrs Ortlepp kept a tame cheetah, and at 60 years old won a competition for the best lady's legs.



E L Steyn Snr

worked as hard as any, ploughing with a team of 16 oxen, broadcasting the seed himself by hand from an old buckskin apron, and reaping wheat with a sickle. Then came the visiting threshing machine which would thresh 50 to 100 bags at a time. He would buy this amount from the farmer there and then - no middlemen, forms, restrictions, regulations or red tape to reduce profits.

Lt-Col G A Swinton-Home

took up land at Soy after coming from India on a shooting safari before the First World War. By 1914 his place at Soy had become quite a village with his flour and posho mills, stores and hotel. He served with distinction in the First World War, gaining a DSO, and returned to develop cattle and sheep rearing, maize, coffee and other crops, and to be at the forefront of every enterprise in the Soy area. He died in 1960, in his 85th year.

(n)

Elisabeth Boye

Many will remember Elizabeth Boye. She left Kenya to go and live in Denmark where she originally came from. She held Sunday School for many East Africans and was a dedicated Christian. She died a few years ago but managed in her last years to publish a small book of verse. Here are two verses from one of her poems.

God Found a way out.

God sat on His Throne eternaly
to search for one without blame,
for one who always from sin did flee,
and never to evil came.

So he could for the others pay,
and save them from the judgment day,
from hells devouring flame.

A man had them to hells' door brought
therefore a man must them save,
but all man's might against hell was naught
though all of his power he gave,
as all by law of sin were bound,
and not a clean one could be found,
so the fate of all was grave.

- O - O -

Here is a short letter from Herman Landgrebe. I hope this will inspire those originally from Tanzania to write.

29 March 1982

Dear Danie

Thanks for your letter of 17th February.
I must inform you, that our venture to Tanzania failed in Tunduma. Our Passports, issued in Malawi, were rejected. It was very unfortunate, that we could not proceed to Daressalaam, where we were to meet our Sister and Georges son Karel-Heinz. As we were ahead of schedule we could notify them of our not arriving as planned. Nevertheless, they visited the farm at Engare Nairobi, where they were shown around by an old farm-worker. They met the Trappes (from Momela) Rolf and Halinka at Engare Nairobi and visited the Meru National Park. There is a Jeep Track up to the Canedron of the Mountain, where I remember the beautiful meadows I visited with my father in 1934. They also went to Lake Manyara, Ngorongoro and the Serenzeti, where they met large herds of Wildebeest wandering.

I wanted to let you know, because we hoped to tell you of our meeting old places at the next meeting. We are sad, we could not achieve our aim, but we have refreshed our Kisuheli in Northern Malawi (Nyasaland) and enjoyed travelling through the green forests, that cover so much of Central-Africa.

Regards

Yours Herman

We need more 'hot' news so don't hesitate to write.
Scraps of reminiscences are also very welcome. Thanks.

In die begin was dit:-

Ons vervolg met Dom Sonnie Cloete se vertelling van die vroeë jare op die Uashin Gishu.

Die eerste meule op die Plateau het aan Eddie en John de Waal behoort en is deur 'n waterwiel aangedryf. Maar so teen ongeveer 1911 is daar in Eldoret 'n klein meule opgerig wat deur 'n Prairie windmeul aangedryf is. Die windmeul het bestaan uit vier sinkplate wat op hulle lengte op 'n as gemonteer is. Op die een punt van die as was 'n wiel vas. Die hele gevaarte is dan op pale gemonteer en die onderste helfte is toegemaak sodat die wind net die boonste plaat vang om dit dan aan die draai te sit. Dit het gewerk!

In 1921 is die Blue Rock meule in Eldoret opgerig, later is dit oorgeneem en verbeter deur A.C. Wright wat dit op sy beurt weer verdoop het na Eldoret Flour Mills. In dié meule is van meulstene getruik gemaak wat tot gevolg gehad het dat baie goeie meel geproduseer is. Een van die einste stene het in 1964 nog op een van die boere se plase gefunksioneer. Die boere was maar te bly om 'n mark te kry vir hulle koring en lang rye waens het altyd voor die meule gewag om afgelaai te word sodat die boer sy geldjies kan ontvang.

So om en by 1909 het Eddie de Waal 'n dorsie gehad wat met die hand gedraai is, nogal nie 'n maklike "jobbie" nie! Hy het dit toe aan sy waterwiel gekoppel en dit het so goed gewerk dat Mr. van Aardt in 1911 sy Merryweather wa vol gerwe kon laai om die koring by dié meul te laat maal. Met die koms van die pragtige ou groot Ransomes dorsmasjiene, met hulle ou swaar stoomenjins, was dit eers werklik 'n plesier om te dors. Alhoewel die vervoer van die stoomenjins nie van die maklikste was nie, moes daar ook groot hoeveelhede "kuni" byderhand wees om die stoomdrukking reg te hou. Kyk, en nou praat ons nog nie eers van al die pret wat die kinders gehad het met die wegsleep van die strooi nie.

Weens die probleem met roes in die koring is daar aanvanklik net mielies geplant. Daarvan is pap gemaak om saam met oorbietjie- of hartbeesvleis geëet te word. Groente was net in die reëntyd beskikbaar. Die prys van meel was ook goed, ongeveer 30 Rupees per sak. Later het dit na 3/50 gedaal.

Een van die grootste struikelblokke vir boerdery was WILD. WILD en nogmals WILD. G'n wonder dat die eerste verkiesing op die Plateau bekend gestaan het as die Kwagga Eleksie nie. Tommy O'Shea, wat teen Kol. Griffiths te staan gekom het, het dan ook belowe dat indien hy verkies word hy die ergste kwaggas sou laat uitskiet. Vanselfsprekend het hy toe die paal gehaal en was toe ook verplig om 'n veldtog teen die derduisende kwaggas van stapel te stuur. Die beloning was 3/50 of 4/- en twee 303 patronne per vel. Baie van die kwaggas is uitgeroei en ander het hulle pad af masai reserwe toe gekry. Daarna kon die boere op klein skaal begin draadspan. Toe was daar weer 'n ander probleem deurdat die prys van koring slegs 11/- per sak was wat dit vir die boere onmoontlik gemaak het om 'n profyt uit koringsaaiery te maak. Met die gebruik van kunsmis het die oeste baie verbeter. Dom Elbert Steyn was dan ook een van die eerste boere wat kunsmis gebruik het. Dit het egter maar lank geneem voordat Superfosfaat algemeen gebruik is, aan die een kant was die koste daaraan verbonde natuurlik 'n probleem, maar daarby het baie van die boere aanvanklik gevrees dat dit die koring sou brand.

Ongeveer in 1902 het eine James Smith 'n meule in Nairobi begin bou en in April 1909 voltooi. Dit was die begin van UNGA. Dié meule van Smith kon so twee sakke van 280 lb. per uur maal. Later, so ongeveer 1924, is die Plateau Maize Growers Association gestig, dit het later met ander instansies geamalgemeer om die geboorte van die K.F.A. te vorm.

Baesboerdery wat eers baie goed begin het, is, toe uitheemse rasse ingevoer is, tot 'n skielike einde gedwing toe Ooskus koors uitgebreek het en hele kuddes afgemaai het. So het daar van een kudde, van ongeveer 600 Afrikanderbeeste, net twee oorgebly! Die heel eerste bees- en skaapdip op die Plateau, en heelwaarskynlik in die hele Brits Oos-Afrika, soos Kenya destyds bekend gestaan het, is gebou deur Mr. C.J. Cloete. Dipstof bestaande uit arseen is deur Coopers Nephew and Sons ingevoer. Aangesien dit so giftig was kon die dipstof nie sterker as sekere voorskryfte aangemaak word nie met die gevolg dat al die bosluise baie gou daarteen gesout was.

So om en by 1920 het Anaak Cloete met 'n kas vol Rupees na Uganda afgesit om te gaan beeste koop. In daardie jare was papiergeeld in Uganda nog verdag as geld. By Mbarara, Masaka en Ankoli het hy 120 beeste gekoop. Hy het ses maande weggebly en oor die duisend myl geloop. By Jinga moes die beeste een vir een oor die meer geneem word met twee konos wat aanmekaar vasgemaak is en 'n soort platvorm bo-op gehad het. Die beeste het uit twee verskillende rasse bestaan. Die een soort was 'n soort van poenskopbees wat nie te sleg was nie. Die ander soort het egter lang horings gehad. Hulle het niks beteken nie want sodra 'n mens hulle begin werk het, het hulle horings begin groei totdat die arme os nie meer sy eie kop kon ophou nie. Die skrywer het self so 'n os op 'n keer besit wat horings met sewe voet span gehad het. Dié langhoringsoort kom nou nog in Uganda voor en staan bekend as die Ankoli beeste.

Vroeg in 1920 het Mej. Murray 'n kaasmakery op Eldoret begin, so min of meer waar die roomery (K.C.C.) later gestaan het, maar weens vervoerprobleme en 'n tekort aan melk moes sy dit toe staak. Ooskuskoors is al so vroeg as 1910 deur Dr. Thieler in een van die reserwes geïdentifiseer. Dit was egter in 'n baie ligtegraad en die meeste van die inheemse beeste was daarteen gesout. Elke Vrydag was daar dus op Eldoret beesvandisies waar al die boere bymekaar gekom het om beeste, meestal gesoute osse, te koop. So het een van die boere op 'n dag 96 groot Nandi osse gekoop teen 13/- stuk. Een van die kleurrykste ou karaktere was Oom Rooi Piet Kruger wat nooit iets anders as swart osse gekoop het nie. Na die vandisie is die meeste boere dan gewoonlik na die Central Lounge vir 'n Prairie Oyster - of iets sterker.

So om en by 1920 is die eerste selfbinders ingevoer, McCormicks en Ransomes. Toe kom die ou Sunshine dorsmasjiene waarvan die eerstes deur Oom Tom Davies en Oom Elbert Steyn gekoop is. Na die stoomtrekkers, wat nie lank gehou het nie, het die ou Holt Twee-ton en die McCormick 15-30 op die toneel verskyn. O'Shea het ook groot hoeveelheid van die ou ysterwiel Fordsons ingevoer. Ja, en dan was daar nog die ou Duitse Lanz trekkers, elk met sy eie blaasbalk en 'n bakkie vir kole voor by die slinger. Die kole was om die ruolie waarop dit geloop het te verhit sodat die ding kan "start" - dit het so Paf--paf--paf geloop of as dit nie genoeg verhit is nie so paaaf - paaaf - paaaf en dan stilte.

Met die uitbreek van die 1914 oorlog is die meeste mans oorlog toe en moes die vroumense die boerderye oorneem. Mens kan maar net met lof praat van dié brawe vroumense wat onder die uiterste moeilike omstandighede moes aanhou.

Varke was ook so 'n klein inkomstetjie. Die mark was egter maar beperk en Uplands was die enigste fabriek. Aan die begin is varke per wa aangery na Londiani om daar op die trein gesit te word fabriek toe. Aangesien die rit Londiani toe enigiets van drie dae tot drie weke kon duur, kan jy seker wees dat die wa nou nie huis na Olie Kolomie geruik het het. Die skrywer het dan ook op 'n keer tweemaandoue varkies vir 2/50 'n varkie verkoop. Ongelukkig kon die koper nie betaal nie en besluit toe om hierdie ou lewe te verlaat - sonder die varkies!

Grond was goedkoop maar geld skaars. 'n Plaas van 900 akker is dan ook vir 'n Ireland wa en 'n skeeloog merrie verruil.

In 1911 het die eerste Merino skape op die Plateau aangekom en die eerste skeersel van agt bale wol is deur Smith & Mundell verkoop. Soos met veeste was dit 'n tydstip van "trial and error", meestal "error". In 1910 het drie boere die lang pad aangepak per oskar deur Lumbwa, Kericho, Kisii tot naby Karungu baai waar hulle 900 Masaiskape gekoop het. Maar met die koue op 8000 voet en met die baie reën net die ou skapies maar besluit dat dit makliker is om te vrek as om aan te hou lewe.

Aan die einde van die 1914-18 oorlog is daar op die Plateau ook vlas geplant. Die vlas was hoog in aanvraag vir die Engelse se deëtydse vegvliegtuie waarvan die vlerke met linne oorgetrek was. Ongelukkig het Engeland toe 'n ander bron vir vlas gekry en net daarna met die beëindiging van die oorlog was daar 'n drastiese afname in die mark na vlas. Die gevolg hiervan was dat baie mense in die knyp was aangesien hulle by die bank geld geleent het vir die aankoop van duur masjienerie om die vlas te bewerk. Dubaas Bob Fenwick het die rekord prys behaal van £662 per ton, later het die prys egter tot £30 per ton gedaal.

Almal orthou seker nog die ou Martini Henri geweer. Van die eerstes wat daar gebruik is het so 'n groot bol rook gemaak dat 'n hartbees op 200 tree kans gehad het om weg te spring voorcat die koëel hom kon tref.

Dietz lampe en tuisgemaakte kerse, ag waar is daardie dae! Vervoer was alles eers per ossewa of skotskar - of soos die Indiërs gesê het - per Grari. Op die uitspanplekke is skeie uitgetrek en jukskei gespeel. Die Pioneer Stables, waar die Pioneer Hotel later was, het die pos per spider Eldoret toe vervoer. Later was dit die Pioneer Garage and Stables en kon 'n mens daar perde huur.

Heelwat perde is van Suid-Afrika en elders ingevoer maar perdesiekte en limphigitis het hulle afgemaai. "Limf", soos dit bekend gestaan het, het groot sere op die perd veroorsaak. Die sere het soms die hele perd oortrek en was ongeneeslik. Eers was die veeartse van mening dat dit veroorsaak is deur 'n virus wat uit die grond afkomstig is, maar een van die veeartse het later met die skrywer saamgestem dat die bontpootbosluise eintlik die probleem veroorsaak het. Daar is toe Somali-ponies aangekoop aangesien hulle tot 'n mate teen die siekte bestand was. Ook is daar van Duits Oos-Afrika perde ingevoer. Dit was perde wat na die oorlog oorgebly het. Op die Plateau was ou Steam Roller seker die bekendste perd. Hy het sy naam gekry daar hy die gewoonte gehad het om enige perd, of dien perd nou van vooraf kom en of die perd nou langs hom probeer loop, van die pad af te druk. Ou Steam Roller was 'n tamiaai dier en het aan Schalk Cloete behoort.

Alles wat hier geskryf is, is maar uit die geheue of van 'n paar notas wat hier en daar gemaak is. Ek glo dan ook dat die voorafgaande baie nostalgiiese herinnering sal oproep. Beperkte spasie laat nie toe dat meer gesê word nie maar ek dink ek moet darem ook net nog die ou sinkgeboutjie noem waar Mev. Milne soveel jare die poskantoor behartig het. Later het dit as die Farmers Mart gedien. Ja, en wat van die ander sinkgebou net langsaan. Laasgenoemde is in die middel afgeskort met sinkplate. Aan die eenkant was die Standard Bank met J.C. Shaw as bestuurder en aan die anderkant was Daddy's Bar met Dubaas Eddy as die bestuurder. Ou Barker het die eerste "overdraft" geneem om gou 'n sopie te drink met die opening van die bank.

1

Laat ek afsluit met

Moja, Mbili, Tatu,
Njagau na kula viatu,
Viatu na ruka,
Njagau na pasuka.

Kwaheri en Saisere Mising.



Indien iemand iets hoor wil sê skryf gerus
aan die redakteur.
Of wie wil ook 'n bydra lewer???

Sannie Cloete.

— 00 —

Die Papirus. ~ Mrs. Sophie Steyn.

Ons het destyds op die plaas 195 gewoon, sewe myl vanaf Eldoret in Kenia Kolonie. Die papirus- of papierplant het welig op die plaas gegroeい. Daar was 'n strook van vier myl lank al langs die rivierloop af. Ons het sommer van die "swamp" gegraat, aangesien die rivier oop so dig met die plante begroeい was. Sommige het tot vyftien voet hoog gestaan aangesien hierdie plante floreer in moerasagtige gebiede.

Die plant het 'n uitstekende wortelstelsel. Wanneer hierdie wortels uitgehaal en gedroog word, maak dit heerlike vuurmaakhout, met lekker lewercige kole wat nie gou uitbrand nie. Die plante val ook nie sommer om nie vanweë sy sterk gevestigde wortels.

Uit die wortels groei talle stingels wat handig te pas gekom het toe ons begin bou het op die plaas. Afgesien van die papirus, was daar geen ander natuurlike boumateriaal op die plaas beskikbaar nie, aangesien die plantegroeい maar skaars was, en daar feitlik geen bome was nie. Die stingels word afgekap en in die son gedroog. Hiermee word mure en vloere vir pakhuise (store) gemaak. Die raamwerk van geboue is van bambus gemaak en dan dig gemaak met papirus. Die vloere er soms ook die jakke, is met papirus gedek. Met die verloop van tyd, word so 'n gebou a tog digter as gevolg van die veselaftigheid van die plant. Op die pleas was 'n skuur wat oor die dertig jaar staande gebly het.

Daar word vertel dat die ou Egipterare hulle perkamentrolle van die plant gemaak het.

'n Boervrou probeer mos alles. Wanneer die groen bas van 'n

papirusstingel afgetrek word, is die binneste deel sponsagtig. Hierdie gedeelte word dan met 'n skêr in dun repies opgesny, en verskillende artikels kan daarmee gevleg word. Naby die 'swamp', het 'n sekere mev. Nel gewoon wat gereeld vir ons dominee Laubser 'n hoed van die binneste deel van die plante, gevleg het. Hy was tog te lief vir hierdie hoede.

Hierdie sponsagtige deel is ook soms in 'n seeppot gekook tesame met seepsoda of wassoda en water, totdat dit 'n dik, pap was. Die vloere van die hartbeeshuise is dan daarmee gesmeer totdat die oppervlakte mooi blink was.

My dogter, Mev Ockie van der Merwe vertel die volgende interessante storie. Hulle het destyds in 'n dorpie genaamd Jinga, in Uganda aan die Victoriameer, gewoon. Die plekkie is geleë waar die Blou Nyl uit die Victoriameer vloeи. Net onderkant die Rippon waterval, vloeи die Nyl af na Egipte. Hulle besluit toe eenoggend om met 'n gehuurde motorboot, 'n ent met die Nyl af te vaar. Hulle het ver met die rivier af gevaaг, en het volop seekoeie en krokkodille teëgekom. Nadat 'n seekoei amper hulle boot omgekeer het, het Ockie op hom geskiet en hom gekwes. Die middag kom 'n drywende eiland, wat baie groter as hulle boot was, reg op hulle af. Hulle moes net lelik swenk om 'n botsing te voorkom. By nadere ondersoek het dit geblyk dat dit 'n papirusplant was, wat met wortel en tak losgeruk het. Wat so snaaks was, was dat die drywende "eiland" vol pragtige wit voëls was. Die wyfies het ewe rustig sit en broei, terwyl die mannetjies wag gehou het. op hulle drywende papirus eiland - amper soos ontdekkingsreisigers, op pad na 'n splinternuwe tuiste.

Almal wat die haangaan van dierbares betreur:—

Gedurende die afgelope maande het die dood liefdevolle dierbares van ons geroep. Veral die saamgehegte families onder meer Jouberts, De Beers, Laubschers, Malans, Du Toits en Trichardts is swaar getref en ons meegevoel gaan tot hulle en hulle dierbares en vriende uit. Oud-Oos-Afrikaners treur saam met hulle, maar word onderskraag deur die hartroerende woorde van die swaarbeproeфde Emily Brontë in die wete dat ons almal op die trekpad van hierdie kortstondige lewe slegs bywoners en tentbewoners is op soek na 'n nuwe vaderland - Die Ewige ! Ons ken inderdaad slegs uitspannings langs die trekpad en geen blywende woning nie. So moet dit vir die gelowige ook wees en so is dit goed, binne die genade van Christus wat vir ons genoeg is.

Namens ons bestuur.

Treur saam met Emily Brontë.

Ek sal nie ween waar jy van my moet gaan,
Niks moois het oorgebly!
En dubbel sal smart my griewend slaan,
Wyl jou hart kwynend ly.

Ek sal nie ween waar die somerglorie
Altijd soos weedium straf;
Bederf - ons skoonste lewenstorie -
Moet eindig in 'n graf !

Ek is moeg van al die lyding smarte
Wat snerper winters bring;
Moeg van toekyk hoe die dood se kragte
Langsaam jou gees verwring.

So, as dan 'n traan, wanneer jy sterf
My vreugdevol ontval,
Kom dit sugtend van my siel wat swerf
Tot waar jy rus, my al.

Déki ('n Vrye vertaling)

Die volgende berigte is aan ons gestuur:-

9 January 1982: Mrs Catrina van Rensburg, Wife of the Late Hendrik van Rensburg, formerly of Nairobi; Farmed at Dandora Mother of Anna, Paul, Boet (Kenya); and Emma.

5 February 1982: Mr Adrian van der Westhuizen, Married to Mrs Susie van der Westhuizen.

5 March 1982: Leslie Farr died in an accident at Vryheid Natal; son of Rodney and Thelma Farr; grandson of the Late Mr and Mrs Gordon Farr; formerly of Eldoret.

5 March 1982: Fanie Bosch, formerly of Mathari Mental Hospital, Nairobi; died in Grahamstown, at the age of 90 years; Husband of Hilda, and Father of Charlie (Nairobi); Margery (England); Hilda (Grahamstown); Fanie was the Superintendent of the hospital for many years.

15 April 1982: David Bently, died at Inchanga, Natal; he was the son of Noel Bently, former driver of the Railways at Eldoret.

11 May 1982: Wigs Wigham, Manager of Dandora Sisal Estate, Nairobi; died at the home of his daughter Deborah at Pinetown; son Johnnie is in Rhodesia.

19 May 1982: Mr Oliver, Father of Hilda Erasmus; Baba Potgieter, Trixie Nancollas and Connie.

May 1982 : Mr Martens Nel, formerly of Ol'Kalon.

10 June 1982: Mev. Grilie Lines, vrouw van oorlede Daan Luijs; voorheen van Nairobi; moeder van Koos, John, Danie, Beryl, Boetie en Henry.

29 Junie 1982: Dom Gert de Beer, getroud met Martha Malan, dogter van Gen. Wynanand Malan, hy was 'n onderwyser te Kampfontein Tanzania. Toe hy Suid-Afrika toe trek het hy op Rust-der-Winter gewoon.

23 Julie 1982 Louis van Rooyen, getroud met Johanna (Kosie) de Beer, vroeër van Tanzania, na Zimbabwe verhuis, toe later na Huis Potgieter in Pretoria.

7 August 1982: Tant Johanna Erasmus, eggenoot van wyle Dom Gideon Erasmus oorlede te Huis Vergenoeg. Pretoria.

Tannie Booysen, gebore le Roux.

Tant Sophie Steyn, weduwee van oorlede Piet Steyn; was in Huis Vergenoeg die laaste ruk. Vroeër in die jaar het sy 'n beroerte aanval gehad, en daarna het sy vreeslik vinnig agteruit gegaan.

Mr Joe Nancollas died in England, formally an Engineer on the railways in Uganda and in Nairobi; husband of Trixie formerly Olivier.

Mrs Emma Jordaan, nee van As, died in Johannesburg. She was the sister of Maryna, Susie, Hans en Piet.

15 June 1982 Zeity du Toit "Klein Zeity" (in teenstelling met haar ouma Zeity). Sy was onderwyseres in Tanzania; getroud met klein Sarel du Toit. Haar vader was Gideon Joubert 'n nasaat van die Joubert-familie en pionieronderwyshoof te Kampfontein.

Nog 'n Bladsy uit die Album van Ds. Dednam.



Koor: 1938.


Voor: Victor Germishys; Wessel Germishys; Solomon?

Middle: Frieda van Heerden; Mev. Dednam; ? ; Maria Knobel;
Mev. de Lange;

Agter: Kinna Bower; ? ; Jannie Kaltwasser; ?; ?; ?;
Sannie Boshoff.

Heel agter: ?; Edward Steyn; ?.

Wie kan help om die name in te vul?



Hoeksteenlegging by die Kerk. 1938.

Mev. Dednam; Sannie Boshoff; Mev. de Lange; Mev. Knobel;
Ds. Dednam; Prof. Pelliser; Ds. Brand.

Panganjika-motor
Die donkie se naam
is Velback



Ds Loubser op sy donkie



1958 Fees (in die gewone volgorde)

Eerw. Eybers, Dr Lieb Loots, Dr Olivier, Ds de Wet, Ds Brits, Ds. Dednam.

Na die diens op die plek waar die Bamboes Kerk gestaan het.



1958 Fees.

Die Kerk op Eldoret.



Ds. van Zyl en Kerkraad. Hierdie fees is uitgevoer op een van die eeufees in 1938.
Voor: Koos van Dyk; Ds. van Zyl; Hennie van Heerden;
Agter: Willie van Blerk; Frans Odendaal; Gert van Rensburg;
Piet van Maltitz; Danie Bosman; Ferrie Bisschoff;
Michael Joubert.



Die feesgangers by die
eeufees in 1938, by die
ou Broederstroomskool,
van waar die prosessie
na die feessaal gegaan
het in optog met
ossewaens.

I SEE RED ROSES

I see red roses blushing proudly
in the crimson bounty of the twilight sun,
when royal velvet lines the golden
fleeces of a drowsy sea of tint-endowed clouds,

 dreaming motionlessly low
 above the rose-enchanted glow
and gateway of the flaming western sky,
while gentle eventide nods balmingly
across the crystal heights of jewelled hills
and jasper-radiant horizon haze.

I see His blood on roses, on crimson, cloudy maze
of the gloaming sun, on every fading, bleeding thing.

I see white lilies glistening like snowflakes
in the gleaming limelight of the silent, solitary moon,
sailing tranquilly across the awesome
blackness of the midnight doom of deep and fearful skies,
piercing monumental colonnades of stark-black clouds
with their enshrining waves of fluorescent light
that wash their bright serenity of
silvery-bordered shores into phospheric charm.

This drowsy hemlock of the lonesome moon's hypnotic play
drowns fierce passions of the hottest blood of yesterday,
whilst turbulent nature in respite
reposes soundlessly-deep in Elysium-slumbersleep.

I see the breathless whiteness of His stainless purity;
His peaceful innocence descends on hills and plains,
on every reflecting thing.

I see the leafless sentinels of smarting trees
 robbed of their summer glory
praying to high heaven for release
from all the heartless brunting of warring winter gales,
when no birds sing their mating songs of love or foreign tales,
 yearning for spring.

I see His cruel cross on trees, on men
on animals, on every tormented thing.

I see the beauteous Eventide of last farewell
that softly falls to cleanse all sorrows
and heal all hurtful memories of every painful failure
of black yesteryears and dispel the
dreadful fears of all unknown tommorrows.

Look ! See how bright the stars pierce scanty
portholes through the black hull of our prison ship
to scan frail portals of eternity,
and illuminate the brighter light for us
beyond the iron curtains of our final night.

When I must sail ----- my Pilot at the
helm ----- my barque shall calmly wade
through exotic beauty and the calm waters of His eternal sea.
Yonder I see the Southern Symbol of His transcendent Cross

I see His guiding Northern Star

Afar I see His beaconing gateway through
His peerless Orion beyond which
 men and nature
shall find new life and love again
and no more pain
for everything.

Déki.

Die volgende brieue het terug gekom. Ek neem aan die persone het verhuis. Kan iemand help ons hulle op te spoor.

↓ Mev Desmion Baard, Bremerhofwoonstelle 53, Bellville, K.P. 7530

Mev N. Behr, Seuns Laerskoolkoshuis, Eshowe, 3815

Mnr en Mev E.H. Bischoff, 32 Squirrel Ave., Monumentpark, Pretoria.

Mnr C. Bornman, Posbus 18, Laerdrif, 1065

Prof C.H. Bornman, Posbus 10021, Scottsville, 3209

Mr D.J. Busman, Orrveweg 240, Kempton Park, 0140

Mr Graham Broadbent, Fowler Const., Bag 6667, New Castle, 2940

Mnr. H.C. Dannhauser, Eugene Maraisstraat 2, Witbank, 1035

Mnr. T. Davies, Leydstraat 212, Rustenburg, 0300

Mnr en Mev. H.H. de Bruin, Posbus 237, Marblehall, 0458

Mnr M. de Villiers, Posbus 1068, Pretoria, 0001

Mnr. en Mev. J. De Wet, Posbus 237, Marblehall

Mnr. en Mev. J.M. de Wit, Maudstraat 127, Florida, 1710

Mnr. en Mev. D.E. Doman, Posbus 176, Marblehall, 0450

Mr Jan Dry, Charmaineweg 4, Presidentrif, Randburg, 2001

Mnr. en Mev. J.P. du Toit, Huidige adres onbekend.

Mnr. P.W. Enslin, Posbus 290, Warmbad, 0480

Mej. Salome Enslin, Privaatsak 835, Harrismith, 9880

Mnr. M.H. Erasmus, Posbus 7, Mopane, 0925

Mnr D.G. Fairbanks, 46 North Rand, Kemptonpark, 1620

Mnr. Boet Fouche, Posbus 69, Villiersdorp, K.P. 7170

Mnr W.H. Greyling, Posbus 1170, Pretoria, 0001

Mnr. H.P. Homan, Wenningstraat 110, Groenkloof, Pretoria, 0181

Mev. Emma Jones, 22 Jakaranda laa, Pk. Cullinan, 1000.

Mev. Martha Jooste, Tweedie Ouse te Huis, Brakpan, 1540

Mnr. E. Jordaan, Matabele weg 38, Johannesburg, 2001.

Mnr. D. Kleynhans, Vermeulenstraat 114, Pretoria, 0002

Mnr. M.E. Kleynhans, 1311 Malindi Court, Long Street, Kempton Park,
1620

Mnr. J.H. Kraamwinkel, Kameeldrik 313, Pretoria

Mnr. T.A.P. Kruger, Bantoe-trust-plaas Metz, Pk. Trichardtsdal, 0890

Mnr. V. Kruger, S.A. Polisie, Posbus 67, Ermelo, 2350

Mnr en Mev. J.A. Large, Daphnelaan 144, Mountain View, Pretoria, 0082

Mev. Ina Maritz, Posbus 1, Rooszenekal, Tvl. 1066

Mnr. Barnie Mouton, Posbus 297, Ermelo, 2350.

Mnr. Johan Muller, S.A. Polisie, Ermelo, 2350

Mnr. H.J. Odendaal, "Ons Tuus", Zoutpansbergweg, Riviera, Pretoria,
0084.

Mnr en Mev Barry en Marie Roodt, Groblerstraat 42A, Pietersburg. 0700

Mnr. Peter Roux-Nel, Posbus 421, Potgietersrus, 0600

Mev. J. Schultz, Park Street, Arcadia, Pretoria, 0002.

Mnr. J.H. Shanahan, Rebeccastraat 182, Pretoria Wes, 0183

Mnr. en Mev. E.E. Swart, P.A. S.A. Polisie, Ntambanana, Empangeni,
Natal, 3880

Mnr. Hannes Theron, Somers Roost 3, Prospect Hill, Port Elizabeth,
6001.

Mnr. J.J. van Dyk, Breyerlaar 140, Waverley, Pretoria, 0002

Mej. G.M. van Niekerk, Michris Woonstelle, Francinastraat, Pretoria,
0002

Mej. F. van Prince, Verna, Oor Bronkhorstspruit, 1020

Mnr. en Mev. F. van Schoor, Pk. Annerley, 4230

Mnr. N.D.J. van Rensburg, Posbus 313, Bethal, 2310

Mnr. K. Viljoen, Julius Jeppestraat 62, Waterkloof, Pretoria, 0181

Dit word 'n sfryd om voor te bly met die adres verandering
Ons maak staaf op leser om ons te laat weet.